

3 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:1-12

Fokusgedeelte: Matteus 5:4

'n Burger van God se koninkryk is sagmoedig

Vir enige van ons is die sagmoedige Neelsies van die samelewing hulle wat nie kwaad word nie, hulle wat nie woede-uitbarstings kry nie, hulle wat nie alewig skreeu en skel nie ... die stil, bedaarde mense van die samelewing. Daardie beeld wat ons van sagmoedige mense het, is dalk nie so heeltemal in die kol nie! Moses was 'n man van woede. 'n Man wat homself aan moord skuldig gemaak het. 'n Man wat skerp verwykend met die tong kon wees ... En tog was hy 'n uiters sagmoedige man, sê die Here in Numeri 12:3. Meer as enigiemand anders op aarde.

Waaroor gaan Bybelse sagmoedigheid? Bybelse sagmoedigheid gaan nie in die eerste plek oor jou optrede nie, dit gaan oor jou *gesindheid* en jou *ingesteldheid* ten opsigte van die lewensomstandighede wat druk. Sagmoedigheid is 'n geestes-, 'n geloofsingesteldheid! Sagmoedigheid slaan deur in jou gesindheid ten opsigte van jou siekte en jou ouderdom. Sagmoedigheid slaan deur in jou gesindheid ten opsigte van die omstandighede in ons land. Sagmoedigheid slaan deur in jou gesindheid ten opsigte van al die druk wat jy van alle kante moet beleef en ervaar. Sagmoedigheid is 'n saak van die hart en 'n gawe wat God aan elke mens gee wat deur die verlossingswerk van Jesus Christus 'n burger van sy koninkryk is! As ek sê dat ek 'n Christen is, as ek sê dat ek 'n burger van God se koninkryk is, dan openbaar ek sagmoedigheid in my lewe. Ek kan nie anders nie! My hemelse burgerskap dring my daartoe! Die Heilige Gees dryf my daartoe!

Jesus Christus het na sy menslike natuur die drukte van hierdie lewe in sy volle maat geken. Hy het dit aan eie lyf ervaar. Bloedgeweld ... Hy het dit geken. Wreder geweld as wat Hy deurleef het, sal niemand ooit weer deurleef nie. Woordgeweld ... Hy het dit geken. Hy het dit geken om beskimp en beskinder en sleggesê te word. Korrupte regeringsamptenare en owerhede ... Hy het hulle geken. Dit is deur hulle dat Hy aan die wreedste geweld onderwerp is. Ongelukkige en versuurde verhoudinge ... Hy het dit geken. Petrus was een van sy drie groot vertrouelinge. Hy het die Here verloën. Judas, een van sy vriende, het Hom verrai. Sy eie bloedfamilie het tydens sy bediening openlik téén Hom gedraai. Siekte en liggaamlike agteruitgang en moegheid ... Hy het dit geken ... en deurleef en oorwin! Sonder stryd. Sonder weerstand. Vir jou! In jou druk! Hy het bloedgeweld vir jou en in jou plek gely! Hy het woordgeweld vir jou en in jou plek gely! Siekte en dood. Versuurde gesinsverhoudinge. Gebreke vertrou. Alles het Hy vir jou en plaasvervangend in jou plek gely! Sodat jy deur alles wat Hy in die grootste sagmoedigheid gely het, op grond van sy kruisoffer, as 'n burger van God se koninkryk opgeneem kan word! Daarby het Hy deur sy opstanding uit die dood en deur die Heilige Gees aan jou die genade van sagmoedigheid gegee.

Iemand wat verlos is, hét sagmoedigheid. Openbaar dit nou in jou lewe. Hou op om jou bitterheid, woede en ongelukkigheid te vertroetel, want 'n burger van God se koninkryk maak nie so nie. Nee! Hy rig sy geloofsoog en sy hoop op die nuwe hemel en die nuwe aarde, vry van alles wat druk en wat alreeds in Christus sy deel is en eendag in volheid gaan beërwe!

Sing: Skrifberyming 11-4:1 (melodie Ps. 146)

Ds. JC van Dyk (Ventersdorp)